**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We are honest.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP VRYDAG 24 JULIE 2020 OM 10:00 IN DIE BIBLIOTEEKSAAL, PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |
| Rdl. A Small | [DA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste *(sluit aan om 11:00)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. J Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN049/07/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

Vervolgens doen die Voorsitter die volgende mededelings:

LEED

1. Dat Raadslid D de Bruin se suster, Mev. J Swarts van Porterville, oorlede is; en
2. Dat Mnr. A Richter 'n oud-raadslid en wykskomiteelid van wyk 3, oorlede is;
3. Dat 2 sterfte van COVID-19 by die Weskus Distriksmunisipaliteit aangemeld is; en
4. Dat Me. Zindzi Mandela dogter van Oud-President Nelson Mandela oorlede is.

Hy wens die families sterkte toe wat hul geliefdes in hierdie tyd aan die dood moes afstaan en versoek 'n minuut van stilte vir die afgestorwenes.

Verder wens hy die persone in isolasie sterkte toe met hul herstel van die Covid-19 virus.

***

**BKN050/07/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN051/07/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar kollektief dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN052/07/2020**
**EERSTE ITEM VIR BESPREKING: COVID 19 WERKSPLAN IN BERGRIVIER**
***(Item word bespreek soos voorheen elektronies versprei deur die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester)***

Die Voorsitter gee breedvoerig agtergrond oor die item onder bespreking.

Na breedvoerige bespreking en uiteenlopende kommentaar/insette en vrae deur die Komiteelede word die onderstaande besluit geformuleer.

**BESLUIT**

1. Dat die status quo handhaaf word met betrekking tot die werkplan wat tans geïmplementeer word;

2. Dat 'n opgedateerde COVID-19 Werksplan in Bergrivier Munisipaliteit aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging by die vergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 28 Julie 2020; en

3. Dat die COVID-19 Werksplan in Bergrivier Munisipaliteit by die Arbeidsforumvergadering met die vakbonde bespreek word, soos geskeduleer vir Donderdag 30 Julie 2020.

*DIREKSIE*

*DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (28 JULIE 2020)*

*DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (28 JULIE 2020)*

***

**BKN053/07/2020**
**ITEMS VIR BESPREKING BY DIE VOLGENDE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 28 JULIE 2020**

Die Voorsitter gee agtergrond oor die uitstaande items, soos per e-pos versprei aan die Direksie, waarna die onderstaande besluit geformuleer word.

**BESLUIT**

Dat die onderstaande items bespreek sal word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 28 Julie 2020, naamlik:

- Toerisme Bestuurder;
- MATUSA klagtes na Bergrivier Munisipaliteit;
- Bedrog en korrupsie in Bergrivier Administrasie;
- Brandweerdienste;
- Wetstoepassingsdienste;
- Vul van kritiese poste vir dienslewering; en
- "Land grabs".

***

**BKN054/07/2020**
**ITEMS VIR BESPREKING TUSSEN DIE PORTEFEULJE VOORSITTERS EN DIREKTEURE**

Die Voorsitter gee agtergrond oor die items en neem die volgende besluit.

**BESLUIT**

Dat die volgende items bespreek word tussen die onderskeie Portefeulje Voorsitters en die betrokke Direkteure vir die implementering van werksplanne vir afhandeling:

- Potgate;
- Verwydering van groensakke;
- Probleme by stortingsterreine;
- Verstopte stormwater inlate;
- Algemene toestand van speelparke, sportgronde, tuine, sypaadjies, paaie, geboue, ensovoorts;
- Rekening navrae en algemene navrae wat nie beantwoord word nie;

- Pypbreuke spesifiek in Piketberg; en
- IMIS klagtes en die pad vorentoe.

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:45***

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***